# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

JAARGANG 6 VOLUME 4 APRIL 1993 PRYS R1.50


## HOSPITAAL BREI UIT


Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop




Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.



Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.


So stil-stil is Zastron-hospitaal besig om 'n nuwe baadjie te kry. Die stoep is reeds toe gebou en saammet die privaatkamers omskep in twee sale met drie beddens elk. Die ou X-straalkamer is in 'n tweebed-saal verander. 'n Nuwe X-straalkamer is aangebou. Op die foto verskyn suster Lizbie van Ronge en mnr. Stevie Stevens by die nuwe X-straalmasjien. Slegs 'n paar plattelandse hospitale beskik oor sulke moderne toerusting.



## OOGFEES-PROGRAM

19h00: **Vrydag, 30 April**: Oogfeesdans: Orkes Worsie Visser
**Saterdag, 1 Mei** by skougronde 07h00: Sjampanje ontbyt
07h30: Aankom van vee (Inweeg van ooitjies, ontvang van slaglammers aan hak, aflaai van verse)
07h45 - 09h00: "Laatwaai na Zastron" (Perderuiters vanaf Palestina, Drawwers en Pomptrollie vanaf Genadeberg sylyn, Fietsryers vanaf Tienfontein)
09h00: Verwelkoming - dr. Nico Jansen, President Landbougenootskap.
09h15: Opening - ds. Nico de Klerk
09h25: Loslaat van Duiwe: Duiweklub
09h30: "Laatwaai" eindig by skougronde
09h35: Nakkie die Nar (45 min)
10h30: Polisie optrede en Bejaarde Tee
11h00: Ma en dogter kompetisie - met modeparade
Risa en Klasie gesels met kinders. Klasie is 'n pop wat lyk soos "Pumpkinpatch"
12h00: Nakkie die Nar "Durban July" (Veral vir Hoërskool-kinders en volwassenes.)
13h00: Etenstyd
14h00: Skattejag (30 min)
14h30: Prysuitdeling
15h00: Enige vertoning van Nakkie die Nar
Ook groot springkasteel en waterwurm en verskeie stalletjies.
17h00: Trein vertrek na Rouxville
Sien jou by die Oogfees!


ZASTRON APTEEK
Gesondheidsorg & Diens

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
Revlon
Jean Baré
Yardley
Innoxa

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

ONS KRUIK
Onthou Moedersdag
Dis Sondag, 9 Mei
Bestel ruikers vroegtydig
TEL.382

## IS MY KIND VEILIG TEEN SEKSUELE MOLESTERING?

Op Vrydag, 14 Mei bied die plaaslike OVV-tak en -kantoor 'n werkswinkel oor kindermolestering aan.

Afgesien van 'n baie insiggewende lesing oor die onderwerp en raad hoe om die verskillende fasette daarvan te hanteer, sal daar ook praktiese demonstrasies wees oor byvoorbeeld hoe 'n kind in so 'n situasie kan beland en hoe hy in sodanige situasie moet optree. Verder sal daar ook 'n werkboekie behandel word wat belangstellendes later met hul kinders kan deurwerk om hul bedag te maak teen seksuele molestering. Mev. Annie Hattingh, 'n kundige op die gebied sal die seminaar aanbied. Belangstellendes word versoek om eie notapapier saam te bring indien hul aantekeninge sou wou afneem.

Die verrigtinge begin om 09h30 tot 11h30 en word in die Kerksaal aangebied. Die koste beloop R5 per persoon (wat tee en 'n werkboekie insluit). Vir verdere navrae skakel met mev. Louise Fouche tel. 78 Maandae tot Donderdae voor 10h00.

## KARAVAAN-GESINNE KUIER SAAM

Gedurende die naweek van 2 - 4 April was dit die ene bedrywigheid by die Karavaanpark op die dorp. Elf karavane van die Bolandstreek en sewe van die Oranjestreek het 'n saamtrek gehou.

DISCOUNT BARGAINS
Die Gesinswinkel
Ons hou iets van alles aan
Kruideniersware, Klerasie
Meubels, Elektriese ware
Loer gerus in, u sal aangenaam verras wees
Ons gee persoonlike aandag aan al ons klante

Die Boland-gaste is op sjampanjeontbyte, 'n spitbraai en nog vele meer getrakteer. Daar was ook oorgenoeg tyd om die dorp te verken en saam te kuier.

# REDAKSIONEEL

## "MY HUIS - MY TUISTE"

Die jaarlikse Oogfees is om die draai en dit is sekerlik die reëlingskomitee se opregte wens dat dit 'n feesdag vir die hele gesin moet wees. 'n Saamwees-dag waar moorde, boikotte en verskille op die agtergrond geskuif kan word en die klem weer op die huis en die huisgesin kan val.

**Waarde**

Onwillekeurig het die vraag egter by my opgekom - wat beteken u huis vir u in hierdie tye wat ons nou beleef? Is dit maar net 'n gebou van klip en steen of is dit die veilige vesting teen die aanslae van die lewe? Is dit 'n ontspanningsoord waar u sonder lastige voorskrifte u koffie uit die piering kan drink? Is dit die oefenskool waar u kan leer dat die geheim van die lewe nie in selfsug lê nie, maar in selfverloëning en toewyding? Is u huis u sterkste skans, u laaste loopgraaf?

En ken u kinders só 'n tuiste? Miskien is dit 'n herehuis in die spogdeel van Zastron of miskien is dit 'n eenvoudige plaaswoning. Dis nie prag of praal wat nou belangrik is nie, maar die innerlike karakter wat u huis uitstraal. Een van Langenhoven se spreuke lui as volg: "Die gedienstige engel het gekom in 'n huis waar daar liefde was en met 'n glimlag omgedraai en gesê: My diens is hier oorbodig."

Wanneer 'n mens van sy huis in hierdie sin beroof word, doen jy hom oneindig skade aan. Jy skend sy siel, jy smoor sy groei, jy vermink sy gees. Wat sal "die engel" sien as hy vandeesmaand in u huis staan?

Kom ons maak van die Oogfees 'n groter geleentheid as net blote vermaak en feesvieringe. Kom ons kyk met nuwe oë na ons huise en herstel al die barste en krake!

**Redaktrise**

**Dankie**

Namens die Oranjestreek word al die besighede en banke op Zastron bedank vir hul donasies wat hierdie naweek moontlik gemaak het. Opregte dank ook aan die Munisipaliteit wat gesorg het dat die Karavaanpark in so 'n puik toestand is.

Na die gesellige naweek het die Bolanders hul toer na Durban voortgesit. Daarvandaan sou 'n deel van die geselskap verder na Zimbabwe reis.

# B R I E W E

**Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Vrydag, 21 Mei 1993.**

## BETER BEPLANNING NODIG

**DR. ROB BRÜNING VAN ZASTRON SKRYF:**
Hierdie maand is ons weer geteister deur wegbly-aksies. Graag wil ek dan besighede gelukwens wat nog voluit funksioneer het ten spyte daarvan dat hul swart werksmag nie by die werk was nie.

Ongelukkig is daar ook daardie besighede wat totaal ten gronde gaan deur so 'n wegbly-aksie. So 'n besigheid het ek op Maandag, 19 April raakgeloop. Ek is na 'n noodgeval buite Zastron ontbied en moes dringend my voertuig vol petrol maak. By Sentraal OVS Motors, waar ek 'n rekening het, is ek meegedeel dat daar geen petrol beskikbaar is nie. Die petrolpompe is gesluit met skuifslotte en die petroljoggies wat nie kom werk het nie, het die sleutels!

Dit is reeds die derde keer wat ek van weet dat Sentraal OVS Motors só deur die wegbly-aksies geraak word. Nou wil ek graag weet kon die Koöperasie nie na die eerste penarie duplikaat-sleutels van die pompe laat maak het nie of waarom kan die slotte nie deur die werkgewers eenvoudig afgesaag word nie? Die koste van die slotte kan tog sekerlik verhaal word van die petroljoggies se salarisse of indien die Koöperasie self die slotte betaal, is hul koste daarmee net 'n druppel in die emmer in vergelyking met die inkomste wat hulle verloor deur nie petrol te kan verkoop nie.

Ek beskou sulke dienste as 'n groot rede hoekom besighede te gronde gaan en is een van 'n paar klante wat oorweeg om ons rekeninge na meer doelgerigte besighede in die dorp te verskuif.

## IS DIT BESPARING?

**ONTEVREDE OUER VAN ZASTRON SKRYF:**
Met die oorskakeling van die Hoërskool Zastron na model C is daar veral op finansiële besparing klem gelê, daar ons as ouers nou vir alle uitgawes verantwoordelik is.

Groot was my verbasing dus op Saterdag, 17 April tydens die sportbyeenkoms op Dewetsdorp toe twee busse die skool se kinders vervoer. Eintlik was net een bus voldoende, want die tweede bus het slegs ses insittendes gehad. Twee spelers, 'n onderwyser en sy vrou (nie-onderwyser) en twee voorskoolse kinders. Die bus was dus glad nie vol nie en myns insiens is dit baie selfsugtig. Baie ouers het privaat gery en boonop nog hekgelde betaal om die byeenkoms te ondersteun en nou moet die tweede bussie se uitgawes ook indirek deur die ouers betaal word.

Ek voel regtig dat in ons huidige ekonomiese situasie behoort soiets gladnie te gebeur nie.

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Liewe vriende

Ja, die winter is besig om so stadig nader te kruip en ons sal seker maar weer bitter en beef en hoes en proes vir 'n vale. Gelukkig tog dat daar deesdae sulke heerlikhede soos elektriese komberse is - vroeër dae moes ons maar lepellê om warm te kry! 'n Ander lekkerte waarsonder 'n mens maar moeilik Zastron se koue wintermaande sal oorleef, is 'n kaggelvuur. Dit skep nie net 'n gesellige atmosfeer nie, maar maak warm soos geen elektriese verwarmer kan droom nie!

Ek lees egter nou die dag hierdie kostelike uiteensetting oor hoekom mans altyd met hul rug voor 'n kaggel gaan staan. Dit het glo 'n baie lang geskiedenis en dateer uit die tyd van Noag se ark.

Die ark het glo 'n lekplek opgedoen en daar was geen stopgoed naby. 'n Hond is nader geroep. Hy moes met sy neus die gaatjie toedruk om die lek te stop. Maar die lek het groter geword en die vrou se hulp is ingeroep. Sy het probeer om met haar een hand, later albei hande, die lek toe te hou. Maar tevergeefs, die lek het al hoe groter geword en die krisis ook. Een van die manne word toe opgekommandeer om met sy agterstewe teen die gat in die ark se wand te gaan staan. So is die saak beredder.

En tot vandag toe is dit die rede waarom 'n hond se neus nat is, 'n vrou se hande koud is en 'n man, as hy vuur sien, sy agterstewe daarnatoe draai vir 'n bietjie hitte!

Groetnis en geniet die koue.

# BAIE DANKIE

**SORS EN MARIETJIE VISAGIE SKRYF:**
Ons wil ons dank en waardering uitspreek vir al die liefde en deernis wat ons ontvang het met Virginia se ongeluk.

Dankie vir die vinnige optrede van Spoornet, die Grenspolisie, dr. Van Rooyen en sy span, SAP Zastron, dokters en personeel Universitas Hospitaal. Ds. Nico vir sy gebed toe ons dit so nodig gehad het.

Aan Zastron gemeenskap vir die talle oproepe, besoeke, kaartjies, blomme en hulp. Ons dank ons Hemelse Vader dat Hy haar vir ons gespaar het.


**MALHERBE, SAAYMAN & SMITH**

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*

Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6


**ERIKA THORMÄHLEN** wil graag baie dankie sê vir Haley's Garage wat haar deelname tydens die S.A. Junior Atletiek-byeenkoms geborg het. Hierdie gebaar word opreg waardeer.

**DIE ZASTRON POLISIE DAMESKLUB** wil net aan elkeen wat ons so ondersteun het met ons dans op 13 Maart opreg bedank. 'n Bedrag van R500 is uit die fondse geskenk aan die Weduwee- en Weesfonds. Nogmaals baie dankie vir u ondersteuning in die verlede en ook in die toekoms.


**GREYLING-VERVOER**

bied aan
Algemene vervoer van tien ton vragte

* Lewende Hawe
* Meubels landwyd
(Toe vragte)

Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL. 3302 ZASTRON


**MNR PIERRE ROCHÉR, SKOOLHOOF, HOËRSKOOL ZASTRON, SKRYF:**
Ons jaarlikse rugbykliniek was 'n mooi sukses danksy die effektiewe vennootskapsverhouding tussen skool, ouerkorps en gemeenskap. 'n Woord van opregte dank aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het in hierdie verband. U samewerking word opreg waardeer.

**GAAF BOTHA, POSBUS 217, ZASTRON SKRYF:**
Ek wil net na die onlangse gebeure toe ek deur 'n swartman aangeval is en daar noodgedwonge 'n skietery plaasgevind het, die volgende instansies, naamlik die Aasvoëlberg Plaaswag, by name, mnre. Manie Botha en Kobus Breytenbach en die SAP hartlik bedank vir hul flinke optrede, asook die weermaglede.

Binne 'n halfuur was hierdie mense op die plaas. Hul optrede en veral hul bedagsaamheid, in besonder die van die SAP Bevelvoerder, Lt. Schoeman en ander lede soos Paul Wellsted, Mossie Mostert en Dewald Slabbert word hoog op prys gestel. Ook aan dr. Swanepoel vir sy hulp en behandeling.

Baie dankie ook aan Hetta, my eggenote, vir haar bystand onder moeilike omstandighede. Maar my grootste dank gaan aan my Skepper wat my lewe beskerm het en my nog 'n langer lewe gegee het. Dit kon so anders gewees het.

**ELMO CUSENS VAN ZASTRON SKRYF:**
Baie dankie aan die Zastronners vir al hulle bystand, ondersteuning en gebede tydens my operasie. Dit is wonderlik om te weet dat mense soveel omgee vir ander.

**WILLA EN BERRY GREYLING VAN BOESMANSKOP** wil graag langs hierdie weg almal wat belanggestel het in hul onlangse huwelik hartlik bedank. Dit word opreg waardeer.


## STRAATMARK

Die volgende straatmark word op Vrydag, 7 Mei oorkant die N.G. Kerksaal gehou. Die verrigtinge sal om 10h00 begin. Kontak mnr. Willie Bester as u belangstel om iets te verkoop of ten toon te stel.

## NUWE BESTUUR

Die Publisiteitsvereniging het onlangs gereorganiseer. Die nuwe voorsitter is mnr. J.C. Gie en vise-voorsitter is Eugene Heyns, Jimmy Gertenbach is die tesourier.

# Kom spreek my



**Sean Mackey**

# vir spesiale behandeling teen hoë mediese uitgawes.

As u besorg is òor groot mediese uitgawes, vertel Sean Mackey van Sanlam op Zastron u graag meer oor Die Een Mediese Plan. Want dit is spesiale behandeling wat Sanlam voorskryf om u te beskerm – selfs al behoort u tot 'n siekefonds.

**Die Een Mediese Plan**

Die Een Mediese Plan bied u die omvattendste dekking. U kan voorsorg tref teen operasiekoste. Of self bepaal hoeveel dekking u wil hê vir hospitalisasie.

Dié twee voordele kan ook saamgevoeg word. Die Een Mediese Plan is volkome aanpasbaar by u behoeftes. Dit sluit selfs sportbeserings en noodontruimings in – as u wil.

En met Die Een Mediese Plan kan 'n gesonde uitkeerbedrag op die ou end vir u wag.

Gesels gerus vandag nog met Sean by ☎ (05542) 50.

Wanneer u hoor wat Die Een Mediese Plan vir u kan beteken, sal u weet u het nie nog 'n mening nodig nie.

**Sanlam**

**Waar u toekoms tel**

*Al 75 jaar lank!*

Sanlam-Reklame C12332ADV0038BPA

# NUUSBROKKIES

### VERLOWING

Lindie Labuschagne het vandeesmaand verloof geraak aan Smittie Smit van Ermelo.


**MODEL SLAGHUIS**

*Ons spesialiseer in*

Gerookte Verkboude
Skaap- en Varkribbes
Rookwors en nog vele meer



TEL. 188

Eien. A.G. Cronje & G.J. Marais


### HUWELIKE

Op 10 April is Anton Rautenbach en Santie Botha in die huwelik bevestig.

Mnr. Willa Greyling en mev. Berry Opperman is op 11 April getroud.

Op 24 April is Anton Scorrano getroud met Maria Niehaus.

### HEENGEGAAN

Op 4 April is mev. Susanna Lombaard in die ouderdom van 81 jaar oorlede. Sy is op Rouxville begrawe.
Mev. Dinah Germishuizen is op 8 April in die ouderdom van 79 jaar oorlede.
Op 13 April is mnr. Neels Wilken van Vanstadensrus oorlede.
Mev. Anna Maria Smith is op 19 April oorlede. Sy was 77 jaar oud.
Op 20 April is Dorie De Villiers oorlede.

'n Huldeblyk aan 'n dogter van Zastron in lewe Martha Steyn wat onlangs oorlede is (Skrywer onbekend)
"Terwyl sy 'n student was op Normaalkollege te Bloemfontein, het sy op 19-jarige ouderdom Polio opgedoen. Nieteenstaande hierdie terugslag het sy haar studies voltooi en daarna onderwys op Smithfield en Wepener gegee. Haar gesondheid het egter so verswak dat sy na 'n tydperk haar werk moes staak en huis toe keer. Diegene van ons wat die voorreg gehad het om haar goed te ken, kan getuig dat sy 'n oop hart en oop hande gehad het. Martha was betrokke by verskeie dorpsaktiwiteite.

Jy is alleenlik weg wanneer dié wie jy liefgehad het jou nie meer onthou nie."

'n Stralende André en Nettie Maré op hul troudag te Goedemoed. Die bruid is van Steynsburg. FOTO: RIAAN DENEYS



Ross en Barbara Heiberg is twee jaar gelede van Zastron na Parow, waar hy 'n Bestuurskool, "Guys and Dolls" behartig het. Ross, wat baie fiksheidsbewus was, is tragies aan 'n hartaanval oorlede, terwyl hy op 5 Maart gaan draf het.

Zastron sal hom veral onthou vir sy pragtige suiwer tenoorstem in die Kerkkoor en ook sy talle optredes tydens funksies en troues. Hy laat drie dogters na uit 'n vorige huwelik en 'n twee maande oue seuntjie uit sy huwelik met Barbara.

### NUWE INTREKKERS

A. Maritz woon te De Winnaarstraat 12, mnr. C. Bester woon in Montana woonstel 2, mnr. en mev. Mulder woon te Hendrikstraat 2 en mej. S.W. Schoonraad woon in die Welkom Losieshuis.

### SIEKTES

Met die ter perse gaan, was mev. Coetzee 'n pasiënt in die Zastron-hospitaal.

Die sewe maande oue babaseuntjie van suster Ronel van der Merwe het 'n operasie in Bloemfontein ondergaan.

### MEI-VERJAARDAE
### N.G. Kerk Zastron

2 Nienie van Dyk, Bruns Steenkamp, Wolfie Meades, Kotie Fonternel
3 Petru Fouche, Toekie van der Bank
4 Willem Coertzen
6 Jannie Eloff, Joey Henning, Stephanus Human
7 Freddie Muller
8 Polie van Rooyen, Herman van der Merwe
10 Henning Botha
11 Kobus van Wyk, Pieter Swart
12 Fritz Fenwick, Gertruida van Tonder
13 Gert Brits
14 Tina Greyling


"Is u lewensdekking ook 'n belegging wat inflasie kan klop?"

Baie mense dink nog aan lewensdekking en ongeskiktheidsbeskerming as geld wat hulle "nooit weer sal sien nie."

In der waarheid is daar vandag talle finansiële maniere waarop u onmiddelik beskerming vir u en u gesin kan verseker en eendag 'n baie indrukwekkende kontantbedrag kan uitkry. 'n Finansiële Adviseur van Ou Mutual sal u objektiewe advies gee oor hoe u ons beleggingsopsies en die van ander finansiële instellings ten beste kan benut. Hy het omvattende ondervinding om die toekoms van persone soos u te beplan.

Skakel hom gerus. Hy sal u met graagte wys hoe maklik dit is om sekuriteit te kombineer met beleggings wat hoë opbrengste lewer. En onthou – u staan onder geen verpligting nie.

Mnr FJ Smit
Tel: 131 (H) & (K)
VLK Gebou
Zastron

FINANSIëLE ADVIESDIENS

OU MUTUAL
KRY MEER UIT DIE LEWE

15 Joyce Kalp, Annie Nieuwenhuis
17 Hantie van Vuuren
20 Bettie Gordon, Baby Jansen, Elsabe Jordaan, Serah Bekker
21 Anna Momsen, Johan Fifield, Jannie Pretorius
22 Hester Moss, Hilda Rochér Tienie Geldenhuys
23 Hettie Snyman
25 Danie Cronje, Ester Jordaan
27 Annatjie van der Walt, Dora Joubert
29 Alta Heyns
30 Santie Kühn, Mareta Viljoen

Die Zastronner aanvaar geen aanspreeklikheid vir verjaardae wat nie korrek is nie. Bostaande lys word goedgunstiglik deur die Kerkkantoor vrygestel en lesers word versoek om met hulle te skakel indien nodig.

**Vanstadensrus**

2 George Ingram
6 Johnny Smith
10 Annetjie Heyns
14 Alie Bantjes, John Wessels
18 Marina Viljoen
20 Pollie Prinsloo
23 Willa Greyling, Nick Potgieter
25 Ina Potgieter
30 Jan van Rooyen


**ALGEMEEN**

'n Oud-leerling van Zastron Hoërskool, mev. Lize du Plessis (voorheen van der Hoven van Boesmanskop) het 'n vakansie na die Seychelles en Kenia gewen vir haar uitstekende diens aan kliënte en standhoudende besigheid in die Versekeringswese. Slegs 20 van Southern Lewens se Makelaars Konsultante het vir hierdie prys gekwalifiseer. Baie geluk en sterkte vorentoe.

## HUWELIKSHERDENKING

**Mnr. en mev. Jannie Eloff (foto onder) het op 4 Mei hul 50ste huweliksherdenking gevier, aan huis van hul kinders. Ons loof en prys ons Hemelse Vader vir so 'n mooi dag in hul lewe. Die egpaar geniet nog goeie gesondheid en woon op hul plaas, Hoffiesdal in die distrik. "Ou Mater" soos alombekend en tannie Kaaitjie, bedank al hul vriende en familie vir al die gelukwensinge en jare van vriendskap. Dit was 'n heuglike dag, met regte outydse gaste, confetti, bruidsruiker en -sluier, sjampanje en boerekos.**





"In die polis sê hulle jy is gedek teen van die dak afval - maar nie vir op die grond land nie."

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP

**VANANCO**
***Groothandelaars***
**ZASTRON**

AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

**VRA VIR RONNIE OF MIKE**

**TEL. 346 179**

CALEDON
MAKELAARS BK
*vir u*
***LEWENSVERSEKERING***
***KORTTERMYN-VERSEKERING***
***BELEGGINGSADVIES***
Ons verteenwoordig al die belangrikste maatskappye
SKAKEL NOU
**STAFFIE FOUCHE**
**ROUXVILLE 300**
**ZASTRON 259**

# MISDAADVERSLAG

Na aanleiding van verlede maand se artikel is daar positiewe reaksie ontvang van mense wat as reserviste wil aansluit. As daar nog enige persone (ook dames) is wat belangstel, kan hulle met Lt. Schoeman skakel.

## Huisbrake

Skryfbehoeftes en ander goedere ter waarde van R500 is op 22 Maart te Gustavusstraat gesteel en op die plaas, Eldorado is 'n tafelblad ter waarde van R500 gesteel. Op 13 April is drie mini houers van Spoornet oopgebreek en klerasie en kruideniersware ter waarde van R19 000 is gesteel. Twee arrestasies is gemaak en van die gesteelde goedere is ook teruggevind. Ongeveer R400 se vleis is op 17 April by Model Slaghuis gesteel.

## Veediefstalle

Verskeie veediefstalle het die maand in die streek voorgekom. Twintig skape en 'n bees word op Jakobusrus vermis, mnr. Basie de Klerk meld twee voorvalle aan waar 19 merino's en later weer 12 gesteel is. Vier koeie en 8 kalwers is op die plaas, Lotteringsfontein gesteel en Sydney Townsend meld die diefstal van 20 merino's aan. Leslie Higgs vermis drie kalwers op Boomplaas en op Mooifontein word twee merino's vermis.

## Motorongeluk

Op 9 April het mev. Virginia Joubert se voertuig met die trein gebots op die Diepfontein-pad. Sy het gesig en nekbeserings opgedoen.

## Ander

Op Sondag 18 April is speursersant Mariti se huis met klippe gegooi en skade ter waarde van R400 is aangerig. Die Administrasie kantore se ruite is ook stukkend gegooi en die skade word op ongeveer R200 bereken.

***BOOTS - 'N - ALL***

***Posbus 449***
***Zastron***
***TEL. 206***

**Pragtige kleure Penquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes & Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**
**New Look, Style & Simplicity Patrone**

BESOEK ONS OOK VIR

***Verskeidenheid mansklere***
***Verskeidenheid seuns- en dogtersklere***

Eienaar: Mev. C. Cruywagen

# TONEELOPVOERING EN "DIE BULT SE BOYS"

Na baie jare gaan daar weer tonele uit eie geledere opgevoer word! Onder beskerming van die NG Kerk se Eeufeeskomitee en regie behartig deur mnr. Johan Kriek word twee klugte opgevoer, nl. "Die Ring" van Heléne Pienaar-De Klerk en "As die Nefie kom kuier" deur Gerhard Beukes.

Dit beloof om 'n besonder interessante en aangename aand te wees, daar die bekende "Bult se Boys" ook gedurende die geleentheid sal optree. Die sangstemme van die dertien jongmans van die Vrystaatse Universiteit is alombekend en hulle tree dikwels in die radioprogram, "Boereplaas sing Koortaal" op.

**Plek**

Al hierdie verrigtinge vind in die stadsaal plaas op Saterdagaand, 8 Mei om 19h00 en besprekings kan by Zastron Uitrusters gedoen word. Die Sanggroep sal ook die volgende dag tydens die erediens optree.


J. FOUCHE & KIE

PROKUREUR
EIENDOMSAGENT
TAKSATEUR
BOEDEL-
BEREDDERAAR

Volkskas-gebou
Zastron


Hierdie is die eerste van verskeie aanbiedige in die Eeufeesjaar van die NG Kerk. Op 20 Augustus kom SUKOVS met Maretha Maartens se "Verste Grense" en op 29 Oktober tree die baie bekende sanger van gewyde liedere, ds. Jan de Wet, hier op. Sekerlik 'n feesgeleentheid wat niemand mag misloop nie!

# PUBLISITEITSVERENIGING HET GROOT PLANNE


NEVES KAFEE
Matheestraat
Zastron
TEL. 532

*Spesiale Aanbiedinge*
*Elke Maand*
Kom kyk gerus


Tydens 'n Publisiteitsvergadering op 4 Maart was mnr. Zietsman van Satoer, Bloemfontein die gasspreker. Hy het gesê: "Om Zastron te bemark, is dit nodig dat 'n besigheidsplan opgestel word." Mnr. Zietsman het voorgestel dat prof. T. Crous van die Departement Bedryfsekonomie aan die UOVS se hulp in verband hiermee gevra kan word. 'n Werksessie sal gereël word.

Die moontlikheid van 'n kabelspoor na die Oog is tydens 'n vergadering op 22 April bespreek. 'n Kostebepaling sal gemaak word om vas te stel of dit die moeite werd sal wees.

'n Ander besluit wat geneem is, is dat die Publisiteitsvereniging vanaf Juniemaand 'n stalletjie by die Volksblad se Kunsmark in Bloemfontein gaan beman. Die doel van so 'n stalletjie is om Zastron aan die publiek bekend te stel. Na die vergadering is 'n gesellige braaivleis gehou.

Die nuwe bestuur wil graag die uittredende voorsitter en ander lede bedank vir hul opoffering en harde werk die afgelope jaar. "Ons weet u het Zastron se belange op die hart gedra." sê die nuwe voorsitter, mnr. J.C. Kie

# AS DIE HUMEURE OPVLAM .......

Oud-Kerkraadslid skryf die volgende herinneringe uit sy Kerkraadsdae:

"Destyds in die veertigerjare was ds. Rabie ons leraar vir baie jare. Oom At Labuschagne, ouderling, was daarvoor bekend as seker die beste vuisvegter op Zastron. Toe daar so 'n woordelikse onderonsie was, soos maar in kerkrade gebeur, het oom At vlam gevat, sy manél uitgepluk en gesê: "Daar lê die ouderling en hier staan ek! Kom!" Ds. Rabie moes net mooipraat en vrede maak.

So gepraat van onderdrukte humeure: Kerkraadsvergadeirngs kon soms urelank duur as gevolg van verskille, maar wyle L.B. Saayman, ouderling en algemeen bekend as oom Bles (weens sy gladde pankop) was 'n stil man van min woorde. Maar by geleentheid, ná 'n langdurige en hewige debat, was oom Bles sigbaar ontsteld, hoewel hy nie 'n woord gesê het nie. So teen die einde het hy net sy hoed gevat en geloop om nog in die laatnag na sy plaas te ry, sowat 25km in die distrik. Geensins word gesinspeel dat die vergadering sy dood verhaas het nie, maar twee dae later het oom Bles aan 'n hartaanval beswyk!"


NESNA
Reichenbergstr. 3, Zastron
TEL. 516 (400)
*Vadek verf, Hardeware*
*Vensters, ruite, deure,*
*kosyne en slotte*
*Ons sny ook spieëls*
Vir vriendelike
diens besoek
ons gerus

# ZAMANUMA EN THUSANONG

ZASTRON BANDE
SUPA QUICK
TEL. 385

Bande
Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien

Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"

PUIK DIENSTE ALLE TYE

Dit gaan baie goed met beide projekte en die terugvoering wat ontvang is van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling is dat Zastron as voorbeeld gebruik word in die res van die Vrystaat. Die Streek-Direkteur sal ook eersdaags die dorp besoek.

Zamanuma (Zastron Matlakeng Nutrition Maatskaplike Ontwikkelingsprogram), die distrikskomitee van die departement, se werksaamhede verloop glad. Die hulp aan boere deur die komitee van die Distriksboere-unie, die kospakkies en kontrole en die maatskaplike ontwikkeling is die drie terreine waarop die komitee werk.

Thusanong is die maatskaplike ontwikkelingsprojek waar werkskepping en die geleentheid tot eie ontwikkeling gebied word. U word weereens hartlik uitgenooi om te kom inloer by die gebou reg oorkant die ingang van die Skougronde. Die volgende word reeds aangebied:

- Oorpakke van goeie gehalte (R30 - R33)
- Skoolrokke
- Skoenreparasies (damesskoene se hakke bv. teen R2.50)
- Groentetuin word beplan sodra fondse oorbetaal is. 'n Aantal werklose swartmans het reeds begin om op eie inisiatief die terrein skoon te maak en gras te plant.

Matte in die gebou word dringend benodig as gevolg van die naderende koue. Verwarmers sal ook aangeskaf moet word. Om koste so laag moontlik te hou word enige persoon wat dalk soiets kan afstaan, versoek ons so spoedig moontlik met mev. Ria de Klerk te skakel. Indien u dit wil verkoop, kan dit ook met mev. De Klerk bespreek word.

'n Baie belangrike stap in die ontwikkelingsproses het op 23 April geskied. Onder beskerming van die OVS Vredeskomitee is 'n werkswinkel in die Stadsaal aangebied. Die gemeenskap is so wyd as moontlik verteenwoordig en 'n gesamentlike ontwikkelingsprogram is ontwerp. Aldus ds. Nico de Klerk kan hierdie poging slegs slaag in 'n gemeenskap waar daar samewerking en vrede gesoek en be werk word.

DIE UNIE DRANKWINKEL

Bus 2
Tel. 36
Ons waarborg persoonlike aandag
Dawid & Elsabe Jordaan

# ERNS EN LUIM BY GRYSWYSES

Verlede maand is 'n video oor dwelmiddels en beveiliging deur die SAP vertoon en is deur 'n groot aantal Gryswyses bygewoon. Daarna het AO Mostert en AO Van Rensburg 'n lewendige bespreking gelei. Wakker oë tesame met noulettende versigtigheid in die huis en op die gronde, op die paaie en stilhouplekke, by winkels en stasies is van lewensbelang. Inligtingspamflette is ook uitgedeel.

Op 15 April kon meer as 50 Gryswyses die klem na die luimige verwissel. Dit het heel jolig gegaan toe die leidster, Elsabe Jordaan, die aanwesiges in twee groepe - die gryses en die wyses -, verdeel het. Hul kennis oor die name en motorregistrasienommers van dorpe/stede is deeglik getoets.

NAILS FOR U
Vir professionele behandelings in die gerief van u eie huis

VERSLANK NOU!
R50 vir 8 behandelings
Een lyfmassering ingesluit

Kontak
KAREN ROELOFSE
ZASTRON 197
vir 'n afspraak

Om maar 'n paar voorbeelde te noem, waarheen sal jy gaan om op die volgende plekke te land - Natal (dennehout of pynappel se plek; weense worsies en spek is hier sinoniem) Transvaal - 'n wasige uitkyk; die vredesverdrag is hier geteken. Vrystaat - die groot verloënaar se kasteel, Fleur se baas se dorp, horlosie-avenue (vertaal). Namibië - die Duitsers sê "Uit!", Varkie waar het dit verkeerd gegaan. Kaapland - 'n eindelose waterstroom, koning Willem se dorp.

Die een span het met 'n halwe punt gewen - die vraag was natuurlik "Watter een?" en "Wie het die meeste dorpname geëien?" As daar in die toekoms plekname gesoek word, kan daar maar gerus by die Gryswyses aangeklop word, want aan vindingrykheid ontbreek dit nie daar.

'n Uiters gesellige saamtrek is met 'n gepaste gebed afgesluit en daarna is daar tee gedrink en aan Paas-"tjokkies" gesmul.

# "ONS HET 'GESUFFER', MAAR DIT WAS DIT WERD!"

**Annemarie Swartz skryf:** "Dom en onervare (behalwe die toerleier) het die plaaslike Voetslaanklub besluit om 'n "relatief maklike" staproete aan te durf. Dit is nou so gegradeer volgens die Voetslaangids. "Understatement" is nie die woord nie! Totale wanopvatting sou dit baie beter beskryf het. Dit is nou tensy my idee van maklik en dié van die outeur van die gids totaal verskil. Maar dit daar gelaat. Ons gaan stap toe die Tsitsikama Voetslaanroete. Pa's, Ma's, Oupas, Oumas, kinders, studente, predikante en onderwysers. Iets van alles!


Die probleme het alreeds met die rugsakpakkery begin (en sommige het tot aan die einde van die staptog probleme daarmee ondervind!) Ons het dae lank kospakkies sorteer, geweeg, proviand verminder, weer bygevoeg en weereens sorteer. Toe egter begin ons rugsakke pak. Ag, wat 'n dilemma! Jy sit in, spring op die skaal, haal uit en sit dan weereens in en belowe jouself om maar daardie bietjie swaarder te dra. Tot eenuur die nag het party in- en uitgepak en in een geval het 'n groot man 'n handdoek uitgehaal en besluit om homself net met 'n waslap af te droog. Maar op die tog, gebruik hy toe maar Mammie se handdoek en daar sit sy natuurlik droëbek!

DIE OOG BAKKERY

*Probeer gerus ons*
*Vars Brood, Banket*
*Wegneemetes en Teekamer*
Ons wil u graag bedien
Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn
TEL. 584

Die eerste nag by die Kalanderhut te Natures Valley het dit maar bewoë gegaan. Een siel snork so dat die berge antwoord gee, met die gevolg dat die ander maar sleg geslaap het. Vroeg-vroeg die volgende dag is ons van Natures Valley af, noordooswaarts op ons roete van amper 17 km. Nodeloos om te sê hoe erg ons "gesuffer" het. Sommige van die volwassenes het by die eerste stop al begin proviand uitdeel. Vir die kinders natuurlik 'n fees en hulle het geëet en geëet! Oppad het almal geswem in ys-yskoue water. Verkwik en verfris het daardie vrieskasswemme ons laat voel en in sommige gevalle was dit al wat ons nog staande gehou het!

Die volgende stop was Blaawkrantzhut. Hierdie keer het "Snorker" vir hom 'n ander slaapplek gekry en kon ons darem ook 'n bietjie tot ruste kom! Dag twee was almal seer. Skouers, heupe, boude, en so meer. Maar dit was veral die skouers wat gepla het. Handdoeke en sponse is ingedruk om verligting te gee. Om die kroon op die moeilike dag te span, het ons oornag by 'n hut wat geensins beïndruk het nie. Oorvol toilette, geen swemplek en bitter min water was ons voorland. Al genade was om behulp van 'n slaappil ons roes te gaan afslaap en almal het darem die volgende oggend vars en vrolik opgestaan.


*SOEKIE VENTER*
*Eiendomsagent*
Geregistreer by Raad
vir Eiendomsagente

UNITED BANK ALLIED BANK
SANTAM BEPERK

SANTAM MULTIPLEX
*Die wydste dekking onder een sambreel*
***Lenings kan gereël word***

VLK-GEBOU
GUSTAVUSSTR. 24A
POSBUS 6
ZASTRON
TEL. 72
ALLE URE

Tydens die nag het oom Flip, nog heel deur die slaap, 'n vreemde gesig gesien en hom verbeel dis die Engel Gabriël! Dit was toe maar net die Pous wat geklee in 'n wit baadjie en gewapen met 'n kers, na die snorkende en slapende man onder die boom beweeg het!

Vroeg die derde môre is ons al slingerende teen die berg uit en met Rushes Pass op om bo-op die berg deur 'n asemrowende uitsig begroet te word. Dis sulke tye dat 'n mens van al die swaardra en sleg slaap vergeet het. Dit was ook oom Flip se verjaardag en ons het dit die aand gevier met 'n heerlike doekpoeding wat tant Mollie gemaak en saamgedra het. Boonop bedien met sous en room! Hier het ons heerlik oornag - daar baie water en 'n swemgat.

Die vierde dag was 'n "tawwe" stap. Ons moes twee hoë nekke uitklouter. En dit was warm! Ons het soos perde gesweet! Weereens was ons met 'n uitsig soos min beloon. Bo-op Nademaalsnek het ons die hele Stormsrivier, Stormsrivierbrug en verdere verloop van die rivier tot by die see soos 'n prentjie voor ons sien uitstrek. En ons het geweet, dit was alles die moeite werd! Ja, ons het almal die staptog voltooi, maar ook tyd gehad om ons-self in die natuur te vind, te besef dat ons nietig is en mekaar nodig het, maar bo alles nie sonder ons Skepper kan nie.

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25** **TEL. 20**



**REËL VROEGTYDIG VIR PRIVAAT SLAGTINGS**

*Heerlike gevulde hoenders*

*Vars en gepekelde beestonge*

*Gevulde beesrol*

*Heerlike Soutvleis/Silverside/Borsstrook*



*Gerookte - en gepekelde Varkboude ("Gammons")*

*Gerookte en gepekelde Skouerhamme*

*"Chille-bites" nou te kry!*

**BRAAIDISSE**

*Vark Steaks - gemarineer of vars*

*Spare Ribs - gemarineer of vars*




**Besoek ons vandag vir**
**die heerlikste vleissnitte**

# ONGURE WEER HUL VOORLAND IN BERGE

Die Vierwielklub van Zastron het die afgelope Paasnaweek 'n uitstappie na Lesotho onderneem. Tien voertuie en nie minder as 53 siele, waarvan die meeste "thirty something" en die jongste sewe maande was, het die tog in die berge meegemaak. Die Moteng-pas, Oxbow, die diamantmyn by Letsing le Terai, die Kgubedu-rivier en Mokhotlong is almal plekke wat aangename herinneringe oproep. Tussen Tlokoeng en Seshote het dinge byna verkeerd geloop toe die groep deur 'n vol rivier voorgekeer is en ysige weerstoestande geheers het. Al genade was om maar te vergeet van al die verpligtinge wat elkeen in die week moes nakom, want daar was geen kans om deur te kom nie. Gelukkig is 'n wolstoor gevind en het almal hul maar daar tuisgemaak. Hul voorrade was darem van so 'n aard dat hulle darem nie honger gely het nie! Die volgende dag is die steeds sterk vloeiende rivier aangedurf en het almal ongedeerd anderkant uitgekom. Die Mafika Lisiu-pas was prentjiemooi en asemrowende sneeutonele op die berge het die klublede begroet. Die pad huiswaarts is sonder enige verdere oponthoud voortgesit en teen Dinsdagaand, 13 April was almal weer by hul huise. Verseker 'n lang-lang naweek waaroor daar nog lank gepraat sal word!

**Hier is van die voertuie by die indrukwekkende brug oor die Katse-dam**



# ONDERSTEUN DIE GYMKHANA-DAG

Op Saterdag, 8 Mei word 'n Gymkhana-dag by die skougronde aangebied. Die verrigtinge begin om 07h30 en die toegang is gratis. Verskeie spanne van oor die Vrystaat sal kom deelneem. Daar sal in die volgende afdelings meegeding word: Half seksie lans, enkel lans, half seksie swaard, enkel swaard, seksie lans, seksie swaard, lemoen en pen, ring en pen, wapenhantering en "Indian file."

Etes sal ook bedien word, maar kaartjies daarvoor moet voor die tyd gekoop word. Skakel Koos Greyling, tel. 3302 in verband hiermee.

Die Zastron-span bestaan tans uit Koos Greyling en sy dogter Christel. Christel het einde verlede jaar haar Vrystaatkleure in die sportsoort verwerf. Koos is ook bereid om kinders af te rig. Belangstellendes kan gerus met hom skakel.


**WACKO'S VIR VIDEO'S**

Tel. 246

Reichenbergstr. 72

*Ons verhuis binnekort na die perseel langs Die Oog Bakkery*



**SPRINGBOK KAFEE**

**TEL. 46**

*Ons lewer 'n Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

# ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.**

**TE KOOP**

Tweedehandse sitkamerstel te koop. Bestaan uit driesitplekbank, drie stoele en koffietafel. Skakel L. Opperman, tel. 3613

Opreg geteelde Duitse Herdershondjies beskikbaar. Stam - Ruthenwald Grim Off Oelwyk. Swart - en Taankleurig. Gebore 9 April 1993. Reuntjies en Tefies R250 elk. Ouers baie goeie temperament. Skakel Christine Jordaan, tel. Zastron 1312 tussen 13h00 en 14h00 of 19h00 en 20h00.

**TE HUUR**

Drie slaapkamer chalet te huur, Umzumbe - Suidkus. See-uitsig, omheinde privaatoord met toegangsbeheer. Alle geriewe vir ses persone. Binne seisoen 23 Junie tot 7 Julie. Slegs R85 per dag. Skakel Bloemfontein na ure 212894.

**ALGEMEEN**

Dagsorg vir kinders. Halfdag/Voldag asook per uur of saans. Tel. 382 Zastron.

Kom geniet 'n tradisionele boere-ete op Moedersdag, Sondag 9 Mei in die rustige atmosfeer van Champagne. Koste R20 per persoon. Neem eie drinkgoed saam. Spesiale piekniekpakket vir kinders. Vooruitbespreking 'n vereiste. Skakel Aret Labuschagne, Zastron 2730.

**KAAPSE DRAAI**
TEL. 291
RALPHSTR. ZASTRON
**Teekamer**
**Vars Gebak**
**Wegneemetes**
Vinnige diens & goeie gehalte is ons wagwoord

## SJARMEKURSUS VIR JONG DAMES

Twee-en-twintig meisies van die Hoërskool het die vakansie die voorreg gehad om 'n blits modelkursus te voltooi. Dit is aangebied deur mev. A. Venter van Barkly-Wes. Die kursus het die volgende fasette gedek: loopplank- en modelwerk, haar- en naelversorging, klerekasbeplanning, spreek, menseverhoudings, etiket, diëte en grimering. Die kursus is afgesluit met 'n paradeplegtigheid, in die tuin voor die stadsaal en verskeie pryse is oorhandig. Die modelle het klere van Pages, Foschini, Komma-In en Zastron Uitrusters vertoon en die besighede word bedank vir hul ondersteuning. Dank ook aan die donateurs wat die gee van kontantpryse moontlik gemaak het.




Anri Jansen (middel) is bekroon as Model 93 en Aneléh Meyer (regs) en Lindrie Swanepoel (links) was onderskeidelik tweede en derde. Anri Jansen het ook 'n prys vir die mannekyn met die beste houding ontvang, terwyl Aneléh Meyer as die hardwerkendste model gekies is. Cecile Cronje het die beste persoonlikheid en Adri Greyling die beste voorkoms gehad. **FOTO: RIAAN DENEYS**


# DOORNKLOOF BLY 'N BELEWENIS

Gedurende die afgelope vakansie het tien van die leerlinge van die Hoërskool 'n Voortrekkerkamp te Doornkloof bygewoon. Jomari Kühn, Ronel de Wet en Marinda Gelderblom het die matrieks verteenwoordig. Tydens hul kamp is die laaste voorbereidings vir die Hoofleiers-wageksamen gedoen. Hierdie kamp het egter vir hierdie leerlinge besondere betekenis gehad daar dit hul laaste kamp op Doornkloof was.

Op Veldkamp het Anneli, Anelèh, Reni, Christo en Pierre baie paraat geword. Hier het die kinders geleer om wapens te hanteer, kaarte te lees en selfverdediging toe te pas. Vier nagte se slaap in die veld het hul ook meer van die natuur geleer en aan die einde van die kamp was die groep baie meer bewus van algemene veiligheid.

Anri Jansen en Elbie Greyling het gedurende hul Leierskamp in die "parlement" deurgebring. Hulle het meer van besluitneming, vergaderingsprosedures en leierskap geleer.

En aan die einde van so 'n kampvakansie, is almal dit eens dat dit wonderlik is om 'n Voortrekker te kan wees.

SNAP!

Geleentheids foto's
Troufoto's
Gesinsfoto's
Jóú foto's, kan ek neem
Riaan Deneys
Tel. (05542) 355 of 54

SQUARES
Meubileerders
Geskenkware
Groot verskeidenheid
altyd beskikbaar
Volvloermatte
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
TEL. 281
Posbus 21 Zastron

# MOOI SO, ERIKA!

Erika Thormählen het Zastron se naam hoog gehou tydens die S.A. Junior Kampioenskappe te Germiston. As lid van die Vrystaatspan het sy 'n agtste plek behaal wat 'n puik prestasie is as die sterk kompetisie in ag geneem word. Welverdiende vrug op haar en haar afrigter, mnr. McCallaghan se harde werk.

# DIE ONDER DERTIENS BOU GEES

Gedurende die vakansie het sewentien van die skool se onder dertien seuns 'n rugbytoer meegemaak, ter voorbereiding van dié kwartaal se rugbyverpligtinge. Die Kaapprovinsie was natuurlik by uitstek die gebied waar ons kon gaan toer, aangesien hul skole eers 'n week na die Vrystaters gesluit het. Aliwal-Noord en Burgersdorp was bereid om Zastron te ontvang en die reëlings het soos 'n handskoen gepas.

Vrydag, 19 Maart het die span na Aliwal-Noord vertrek waar hul die middag 'n wedstryd gespeel het. Die afrigter, mnr. Deon van Zyl het as volg gesê: "Ons het die wedstryd sinvol gebruik om die seuns op die regte posisionele plekke in die span te plaas, asook om verskuiwings te maak." Na 'n warm veertig minute op die veld, was die eindtelling tien elk.

Die aand is daar op Aliwal-Noord geslaap en vroeg die volgende dag na Burgersdorp vertrek. Daar het Zastron teen 'n gedugte span gespeel. Die seuns het veral in die tweede helfte mooi teruggeveg en daar is slegs sewe punte in dié helfte teen hul aangeteken:

Na die wedstryd is daar by die warmbronne op Aliwal aangedoen en onnodig om te sê dat die seuns al hul oortollige energie daar verbrand het!

Mnr. Van Zyl het verder gesê dat 'n mens met so 'n toer besef dat dit nie net om rugby gaan nie, maar eintlik veel meer vir die seuns beteken. Hy het ook die skoolhoof en ouers wat die toer meegemaak het, bedank vir hul opoffering en belangstelling.

EIENDOMME
PROPERTIES
No Deal Too Big Or Too Small
Geen Transaksie Te Groot Of Te Klein
KONTAK BABS CUSENS
TEL. 96 OF NA URE 430
Ek waarborg persoonlike
aandag en puik diens
Geregistreer by:
Raad vir Eiendomsagente

# RUGBYKLINIEK HOU DORP SE NAAM HOOG

Die derde rugbykliniek op die dorp is met groot welslae aangebied en ses skole het dit bygewoon. Mnre. Tat Botha, Stoney Steenkamp en Franco Smit, almal van die Vrystaat, het die seuns kom touwys maak. Die afrigters het hul goed van hul taak gekwyt en die almal was dit eens dat die bywoning van so 'n kliniek beslis die moeite werd is.



Elke skool het altesaam drie wedstryde gespeel, waarvan een 'n mini-wedstryd was. Die proefneming dat die afrigters deurentyd op die veld was, het groot byval gevind en sal in die toekoms weer gedoen word. Die Hoërskool Retief van Kestell het die beker gewen vir die span wat die aanskoulikste rugby gespeel het.

'n Mooi pluimpie vir die reëlingskomitee, onder voorsitterskap van mnr. Alex van Zyl, is dat al die skole reeds hul plekke vir volgende jaar bespreek het. Die bestuur wil dan graag almal wat 'n aandeel in die sukses van die kliniek gehad het, opreg bedank vir hul hulp. Ook die toeskouers word bedank vir hul ondersteuning.

# ZASTRON GHOLFKLUB

'n Borgdag is op 24 April gehou en 26 spelers het deelgeneem. Muskiet van Blerk het uitgeblink en die ander manne behoorlik stil gehad.

Die uitslae was as volg:
1. Muskiet van Blerk - plus tien; 2. Dermott Cusens - plus twee; 3. Tossie Smith - plus twee; 4. Reg Henning - plus 1; 5. Herman Meyer - plus 1

Anton Redelinghuys het 'n troosprys ontvang en Tossie Smith was naaste aan die pen en Dermott Cusens het die langste dryfhou gespeel. Muskiet van Blerk se 56 netto is die laagste netto telling wat nog ooit op Zastron gespeel is.


## ZASTRON

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

HONORE ET INDUSTRIA

**HIER VIND U**

***Ongeewenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgeriewe***
***Ideaal gelee woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskele toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950
Tel. (05542) 18